SONDAG
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
AANDDIENS

LITURGIE

WIE	**WAT**	**DETAIL**	**BORD/MUSIEK**
	Lof-en-aanbidding		
	Gebed		
Hannes	Lof en aanbidding	Gemeenteloflied Lof-keurspel (Loof die Heer, Ek wil die Here loof) Loof Hom met die tromme Loof die Heer, loof die Heer "Ye shall go out with joy" JG32: Majesteit & Majesty Father God Jesus gee krag Holy Spirit thou art welcome (3x) Ons sien U Heer (1-3)	gemeente JG31:1-3 JR7:1-2 loofloof yeshall JG32 fathergod jesusgee welcome onssiens
	Voorlesing		
	Gebed		
Liturg	Skriflesing	Miga 4:1-7 (Sag 3:10)	Skrif
Liturg	Preek	In die skaduwee van my eie boom!	Skrif
Almal	Gebede		
Diakens	Offergawe	Piet Smit: Wingerdloot	
Liturg	Afkondigings		Afkondig
Hannes	Liedere	"Ye shall go out with joy" Al sou dan ook	yeshall LB516
	Seën	Seenbede	seenbede

PREEKSKETS

Die Bybel begin en eindig met ‘n boom:

- Gen 2:9,16
- Openb 22:2
- Openb 22:14-15
- Openb 2:7

In die Ou Testament het God vir hom ‘n volk gekies.

- My volk is soos ‘n boom.
- Mettertyd het Hy ook ander takke ingeënt in hierdie boom.
- Sy belofte was: My volk sal so oud word soos ‘n boom. (Jes 65:22)
- God het Sy volk versorg soos ‘n boer Sy druiwebome (wingerd) versorg:
    - Jes 5:1-2

Isarel se val was soos die val van ‘n groot boom:

- *

Maar soos wat ‘n boom wat afgekap is weer uitloop, so sou Israel weer uitloop:

- Jes 6:13b
- Jes 11:1

Die gelowige word vergelyk met ‘n boom:

- Psalm 1:1-3
- Jeremia 17:7

Wanneer die Bybel praat oor oorvloedige blydskap, word dit gedoen dm.v. die beeld van ‘n boom:

- 1 Kron 16:33
- Ps 96:12
- Jes 55:12

Bome was die teken van voorspoed / seën.

- Daarom belowe die Here:
    - Mig 4:4

- Sag 3:10

- Israel se groot vrees was altyd dat hulle bome en wingerde sou plant.
- Maar dat hulle hulle land sou verloor.
- En dat ander mense dan onder die bome sou sit.
- Dat ander mense die druiwe sou eet.
- Die wonderliskte ding wat kon gebeur was om bome te plant...
  - en self die koelte daarvan te geniet.
  - en self die vrugte daarvan te eet.
- Ons kan ook vandag die Here op Sy Woord neem:
  - Plant ‘n boom en vrtrou God dat jy eendag self in die skaduwee van die boom sal sit.
  - Vertrou Hom dat jy self eendag nog van die vrugte van die boom sal eet.

Die Bruid in Hooglied beeld haar bewondering van haar bruidegom uit met die beeld van ‘n boom:

- Hooglied 2:3

- Hulle bed en slaapkamer word beskryf as ‘n groen boom:

  - Hoogl 1:16-17

- Die liefdesspel speel af tussen die bome:

  - Hooglied 7:10-12

Ja, bome speel ‘n baie belangrike rol in die Bybel.
- Elke boom is ‘n gelykenis.
- Elke boom vertel iets oor God.
- Bome sê iets van die verhouding tussen God en Sy kinders.

Vir die heidene was die bome egter ook belangrik:

- Jes 44:14-17
  - Hulle aanbid egter nie die God wat die bome gemaak het nie.
  - Hulle aanbid die bome self.
  - Ook vandag kan die bome belangriker word as God.
  - Die skepping belangriker as die Skepper.

Baie jare later gebruik Jesus juis die beeld van ‘n boom om die verhouding tussen Hom en Sy dissipels te demonstreer:

- Joh 15:1-5

- Bekering beteken dus om ingeplant/ingeënt te word
  ...om ‘n nuwe wortelstelsel te kry

- Daarom dra Geesvervulde mense vrugte (Gel 5:22)

- Hoe kan ‘n mens weet of jy regtig aan die Here behoort?
- Hoe weet ‘n mens of jy Geesvervuld is?
- Kyk na die vrugte.

Dis immers hoe julle die valse profete sal uitken:

- Mat 7:15-21

- Hulle maak asof hulle christene is.
- Hulle mak of hulle die Here ken.
- Maar hulle dra nie die vrugte wat by kinders van die Here pas nie.
- Hulle dra die verkeerde vrugte.

En wat die tye betref:

- Die byl lê alreeds teen die wortel van die boom. (Luk 3:9)
- Die einde is naby.
- Groot setrk bome word afgekap.
- Hulle val hulleself te pletter op die grond.

TEN SLOTTE:

- Elke boom in jou tuin vertel ‘n storie.
- Dit basuin God se boodskap oor die hele wêreld.
- Dit jubel oor die groot dade van God.
- Dit roep mense op tot bekering.
- Dit verseker kinders van Here van Sy sorg en liefde.
- Dit daag jou uit om vrugte te dra.
- En dit waarsku jou dat die einde naby is.

God praat vandag steeds deur bome soos wat Hy duisende jare terug met Moses gepraat het deur ‘n boom/bos wat brand.

- Sommige lewe voort asof niks gebeur nie.
- Ander kniel soos Moses en trek hulle skoene uit.
- Heilige oomblikke.
- Die blare wat beweeg is ‘n bewys dat die wind besig is om te waai.
- Net so waai die gees van God oor die aarde.
- Baie mense hoor en sien niks.
- Ander buig voor die boom.
- Nog ander hoor die stem van die Skepper en buig voor Hom.